Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# February 1, 1965

# Request from Department of the Prime Minister for Presidential Approval for a Bilateral Agreement on the Sale of South African Uranium to Israel

## Citation:

"Request from Department of the Prime Minister for Presidential Approval for a Bilateral Agreement on the Sale of South African Uranium to Israel", February 1, 1965, Wilson Center Digital Archive, South African National Archives, URU vol. 4835, ref. 134, 37-38. Obtained and contributed by Sasha Polakow-Suransky.
https://digitalarchive.umd.edu/document/116589

## Credits:

This document was made possible with support from Carnegie Corporation of New York (CCNY)

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

- Original Scan

Wilson Center Digital Archive

Original Scan

81/172488 (Z. 19).

see online N.A. database for ref #

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

- 1-2-1965

Asst. Klerk van die Uitvoerende Raad | Asst. Clerk of the Executive Council.

Departement van die Eerste Minister,
Department of the Prime Minister,

KAAPSTAD.
1.2.1965.

MINUUT NO. ..134

MINISTERS het die eer om die Staatspresident mee te deel dat die Regering van die Republiek van Israel begerig is om uraanoksied deur die Atoomkragkommissie van Israel van die Raad op Atoomkrag aan te koop.

MINISTERS het verder die eer om die Staatspresident mee te deel dat die Regering van die Republiek van Israel bereid is om ŉ bilaterale ooreenkoms met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika aan te gaan, waarkragtens ooreengekom word dat die Regering van die Republiek van Israel of enige persoon of liggaam onder sy jurisdiksie die bronmateriaal (uraanoksied) slegs vir vredesdoeleindes sal gebruik.

MINISTERS het voorts die eer om die Staatspresident mee te deel dat die Regering van die Republiek van Suid-Afrika die teks van meegaande konsepooreenkoms bestudeer het en met die bepalings daarvan akkoord gaan.

MINISTERS ag dit wenslik dat so ŉ ooreenkoms met die Republiek van Israel aangegaan word alvorens die Raad op Atoomkrag die bronmateriaal aan die Atoomkragkommissie van Israel lewer.

MINISTERS/.....

Wilson Center Digital Archive Original Scan



MINISTERS het derhalwe die eer om aan te beveel dat dit die Staatspresident mag behaag om goed te keur dat die ooreenkoms namens die Regering van die Republiek onderteken word en om magtiging aan die Minister van Buitelandse Sake te verleen om die nodige reëlings te dien effekte te tref.

H.F. Verwoerd.

GOEDGEKEUR

STAATSPRESIDENT

Datum: - 2. 2. 1965